Saterdag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 27 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 27:14 (AFR2020)

Wag op die Here, want Hy is geduldig

Dit gebeur somtyds dat ons belewenisse anders is as wat ons verwagtings is. Ons verwag voorspoed en dan kom teenspoed. Ons dink ons doen goed, en dan is die uitkoms sleg. Ons verwag dat die Here met ons is, en dan kry ons swaar.

In Psalm 27 worstel Dawid met die Here oor presies hierdie probleem. Hy bely in vers 1 dat die Here sy lig en redder en toevlug is, maar sy belewenis in verse 11 en 12 is dat sy vyande en teenstanders geweld teen hom aanblaas. Dit blyk dat hy al verskeie kere oor sy probleme tot die Here gebid het (vs 7-9), maar hy kry nog geen antwoord nie.

As dit nie vir sy geloof in die HERE was nie, sou hy lankal moed opgegee het (vs 13). Hy het die diepe vertroue dat God sy gebede hoor en verhoor. Hy moet net op die Here wag. Om op die Here te wag, is om op die Here te vertrou.

In Eksodus 34 het die HERE Homself geopenbaar as 'n God wat lankmoedig (geduldig) is. Daar is 'n rede hoekom die HERE soms lank vat om op te tree. Hy gee tyd, sodat daar op die regte tyd lig en redding kan kom. Eeue na Dawid hierdie psalm gedig het, het 'n Seun van Hom, Jesus Christus, aan die kruis uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Jesus was die enigste mens wat werklik deur God verlaat is. Hy is verlaat, sodat ons wat in Hom glo, nooit weer verlaat sal word nie.

God is lankmoedig. Hy het sy plan en sy tyd. Laat ons in ons beproewings sterk wees en goeie moed hou. Hy is ons lig en redding en ons toevlug in die lewe.

*Sing: Psalm 27-1:1, 6*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*